200 Jaar van Genade

Aan die afstammelinge van -

Andrew Murray (1794 – 1866) en Maria (Stegmann) Murray

200 jaar na die aankoms van die oorsrponklike Andrew Murray vanuit Skotland in Suid-Afrika het afstammelinge van hierdie voorvader van oral in Suid-Afrika en selfs ook uit Kanada, die Verenigde Arabiese Emirate en Namibië in Graaff-Reinet byeengekom vir ‘n baie besondere familiefees. By ons aankoms in Graaff-Reinet is ons verwelkom met ‘n hartlike “Welcome. Hello You Beautiful Murray. We are so happy to have you here!” Ons is elkeen bederf met ‘n bultende geskenkpak met o.a. daarin ‘n kosbare donkergroen fluweelkombers beskilder met die woorde: MURRAY 1822 – 2022. ANDREW MURRAY FAMILY REUNION. GRAAFF REINET. Daar was ook vir elkeen ‘n spesiale koffiebeker met die name van die Murray dogters kunstig daarop aangebring. Heerlike warm sop het die koue verdryf. Donkiekarretjies was vir almal beskikbaar vir vervoer in die strate van die pragtige karoodorp met sy talle gedenkwaardige geboue.

Vroeg die Vrydagoggend was daar ‘n betekenisvolle toewydingsbiduur o.l.v. ‘n jonger Murray nasaat – ons familie se eerste vroue-dominee – ds Cecile Murray-Louw.

Vrydagmiddag is ‘n besigheidsvergadering, ingevolge die konstitusie van die nuutgestigde “Andrew Murray Foundation” geregistreer as ‘n Nie-Winsgewende Organisasie (253-816 NPO), gehou.

Vrydagaand het die familie in die Johan Rupert Teater vrolik byeengekom vir ‘n familiekonsert. ‘n Verskeidenheid items is aangebied en die spontane deelname van veral kinders en jongmense het beïndruk. Vanuit Noord-Amerika was Baba Brinkman, ‘n Kanadese familielid en ‘n professionele kletsrymelaar, ook teenwoordig. Sy bydraes tot die program het groot byval gevind. Dirk (Baba) saam met ander lede van sy gesin, insluitende sy moeder, Joyce Murray (Brinkman), Minister van Visserye ens. in Justin Trudeau van Kanada se kabinet, het spesiaal gekom om die fees by te woon.

Saterdagoggend, dou voor dag, was daar ‘n sonsopkomsbyeenkoms. Peggy de Vos skryf soos volg daaroor: “Ons is genooi om 6:30 die oggend by die Botanics area te vergader. Van daar is ons per bus na die plato vervoer wat uitkyk oor die dorp se vallei, met die son wat stadig opkom agter die berge aan die anderkant van die vallei.
Daar gekom, is ons bederf met warm barista-koffie (bo-op die berg...!) Elkeen het ook ‘n liedere-blaadjie en nagmaal-elemente ontvang. Soos ons na die spesiaal voorbereide area van samekoms gestap het, is ons begroet met die mooiste klanke van ‘n doedelsakspeler. Dit was eenvoudig aangrypend mooi met die sonsopkoms se ryk kleure in die agtergrond.
Elkeen teenwoordig is diep geraak deur die familie-samesang, die Woord wat deur ds Hannes van Wijk (Charles Murray-tak en predikant in die VAE) gebring is, en die deel van nagmaal met mekaar. Wat ‘n voorreg om 200 jaar na Andrew Murray se aankoms in Graaff -Reinet as sy nasate vir ons Vader se seën oor die dorp en die land te kon bid. Ek was totaal ontroer deur hierdie besonderse, gesalfde byeenkoms! Dit sal my my lewe deur bybly.”

Later die Saterdagoggend het die familie in die waenhuis agter die bekende Reinethuis Museum byeengekom vir ‘n baie besondere program aangebied deur Isabel Murray: *Familiestories in Sang en Woord. Andrew Murray: Letters to his children*. Ons kon luister na insiggewende en aangrypende aanhalings uit briewe van Andrew Murray jr aan sy kinders, vele waarvan deur die talentvolle musikus, Laurinda Hofmeyr (nasaat van Isabella Murray), getoonset en gesing is.

Na ‘n suksesvolle familievergadering en die gebruiklike fotosessie kon die familie die Saterdagmiddag luister na ‘n spesiale konsert aangebied deur twee Murray nasate: Zanta Hofmeyr op viool en Malane Hofmeyr-Burger op fluit, begelei deur Erika Bothma (klavier). Hierdie konsert met professionele musici op die verhoog was een van die hoogtepunte van die naweek se verrigtinge.

Saterdagaand, tydens ‘n spesiale feesdinee, bygewoon deur 300 familielede, is die feesviering voortgesit. Die spyskaart was uit die boonste rakke en daar is heerlik geëet, gekuier en gesels. Vier plaaslike jongmanne vanuit Graaff-Reinet, het geesdriftig musiek gemaak op hulle marimba-instrumente.

Sondagoggend is ons ontvang in die indrukwekkende sentrale kerkgebou waarvoor Graaff-Reinet so bekend is. Pragtige musiek – ook die bekende Highland Cathedral - is uitgevoer deur prof Albert Troskie voor die orrel tesame met Erika (klavier), Malane (fluit) en Zanta (viool). Namens die plaaslike gemeente is ‘n historiese Murray-Bybel aan dr Derek Bissett, voorsitter van die familiebond, oorhandig. Ds Cecile Murray-Louw het ‘n boodskap spesiaal vir die kinders gehad. Met klem op die “Murray”-teks, Jesaja 59:21, het ds Attie van Wijk (Charles-tak) die erediens, met ‘n inspirerende boodskap vir elke familielid sowel as die plaaslike gemeente, gelei. Na die sing van “O God van Jakob”, ons familiegesang, is die diens afgesluit met ds Van Wijk en al die Murray nasaat-predikante se gesamentlike seëngroet aan almal teenwoordig.

Die laaste van die feesverrigtinge was ‘n kranslegging op die graf van ons grootouer, Andrew Murray. Dit is gelei deur ds Jan Hofmeyr wie se oupagrootjie, ds Jan Hendrik Hofmeyr, die begrafnisdiens van Andrew Murray in 1866 gelei het.

Die familie-byeenkoms in Graaff-Reinet was ‘n belewenis vir almal wat so bevoorreg was om dit te kon bywoon. Ons is diep geraak deur die gees van liefde en blydskap wat deurentyd voelbaar was. Dit kon ook nie anders nie. Lizette het ‘n paar jaar tevore ‘n visioen gehad en dit het haar, met die volle ondersteuning van Derek, haar man en hulle kinders, geïnspireer om in gehoorsaamheid en liefde, met hart en siel te droom, te beplan, te organiseer, op te offer en te werk om hierdie merkwaardige saamtrek ‘n onvergeetlike belewenis vir ons as familie te maak. Ons opregte dank en waardering aan almal wat saamgewerk het en in die besonder aan Derek en Lizette Bissett!

Dit is egter net die begin. Gereelde streekbyeenkomste word beplan. Murray-familiestudente aan tersiëre inrigtings gaan aangemoedig word om hande te vat en betrokke te raak by kampus-uitreikaksies. ‘n Projek/ projekte word tans geïdentifiseer waarvoor familielede sal kan bydra. Meer besonderhede hieroor in ‘n volgende omsendbrief.

Geagte familie, ons is nuut geïnspireer om die Murray familieband lewend te hou en die nalatenskap van ons Murray-voorouers bewustelik ons eie te maak. Ons groet al ons familielede vér en naby met die versoek: Kom ons hou die vlam van geloof en liefde wat Andrew en Maria Murray besiel en geïnspireer het, steeds brandend in die Suid-Afrika van ons dag, of waar ons as familie ons ookal mag bevind.

Komitee

Andrew Murray Familiebond.